(2) Any notice or other document that is served on a person in terms of this By-law, is regarded as having been served –

- (a) when it has been delivered to that person personally;
- (b) when it has been left at that person's place of residence or business in the Republic of South Africa with a person apparently over the age of sixteen years;
- (c) when it has been posted by registered or certified mail to that person's last known residential or business address in the Republic and an acknowledgement of the posting thereof from the postal service is obtained;
- (d) if that person's address in the Republic is unknown, when it has been served on that

person's agent or representative in the Republic in the manner provided by paragraphs (a), or (b) or (c);

- (e) if that person's address and agent or representative in the Republic is unknown, when it has been affixed in a conspicuous place on the property or premises, if any, to which it relates; or
- (f) in the event of a body corporate, when it has been delivered at the registered office or the business premises of such body corporate.

(3) Service of a copy shall be deemed to be service of the original.

(4) Any legal process is effectively and sufficiently served on the City when it is delivered to the City Manager or a duly authorised person.

Complaint

58. A person wishing to lodge a complaint with the City in terms of the provision of this By-law must do so in writing at the City Manager's office.

Notice of compliance and representations

59. (1) A notice of compliance must state –

- (a) the name, residential and postal address of the person;
- (b) the nature of the state of disrepair;
- (c) sufficient detail to enable compliance with the notice, the measures required to remedy the memorial work;
- (d) that the person must, within a specified time period, take the measures to comply with the notice, to diligently continue with the measures, and to complete the measures before a specific date;
- (e) that failure to comply with the requirements of the notice within the period contemplated in paragraph (d) is an offence;
- (f) that written representations, as contemplated in subsection (3) may, within the time period stipulated under paragraph (d), be made to the City at a specified place.

(2) The City, when considering any measure or time period envisaged in subsections (1)(d) and (e), must have regard to –

- (a) the principles and objectives of this By-law;
- (b) the cause and state of disrepair;
- (c) any measures proposed by the person on whom measures are to be imposed;
and
- (d) any other relevant factors.

(3) A person may within the time period contemplated in subsection (1) (f) make representations, in the form of a sworn statement or affirmation to the City at the place specified in the notice.

(4) Representations not lodged within the time period will not be considered, except where the person has shown good cause and the City condones the late lodging of the representations.

(5) The City must consider the representations and any response thereto by an authorised official or any other person.

(6) The City may, on its own volition, conduct any further investigations to verify the facts if necessary, and the results of the investigation must be made available to the person, who must be given an opportunity of making a further response if he or she so wishes, and the City must also consider the further response.

(7) The City must, after consideration of the representations and responses, make an order in writing and serve a copy of it on the person.

(8) The order must –

- (a) set out the findings of the City;
- (b) confirm, alter or set aside in whole or in part, the notice of compliance; and
- (c) specify a period within which the person must comply with the order made by the City.

(9) If the notice of compliance is confirmed, in whole or in part, or is altered but not set aside, the City will inform the person that he or she must discharge the obligations set out in the notice within the time specified therein.

(10) Where there has been no compliance with the requirements of the notice within the time specified therein, the City may take such steps as it deems necessary to repair the monumental work and the cost thereof must be paid to the City by such person.

Costs

60. Should a person fail to take the measures required of him or her by notice, the City may recover from such person all costs incurred as a result of it acting in terms of section 59(10).

Appeal

61. A person whose rights are affected by a decision delegated by the City may appeal against that decision by giving written notice of the appeal and the reasons therefore in terms of section 62 of the Local Government: Municipal Systems, 2000 (Act No. 32 of 2000) to the City Manager within 21 days of the date of the notification of the decision.

Charges

62. The prescribed fees to be paid to the City in terms of this By-law must be determined in terms of the City of Cape Town: Tariff By-law.

Offences and Penalties

63. (1) A person who contravenes the provisions of sections 3(1), 4(2), 4(3), 5(1), 5(2), 5(3), 5(4), 7, 12, 13, 14(1), 14(2), 14(3), 15, 16(3), 16(4), 18(2), 19, 21(1), 21(4), 25(3), 26(3), 26(4), 26(6), 27(3), 27(5), 28(2), 30(2), 34(1), 34(4)(a), 35(1), 36(1) 39(1), 39(2), 40, 41(1), 41(2), 43, 52(2), 53(1), 53(2), 54(1), 54(2), 54(3), 54(4), 54(5), 54(6), 55(3), 55(4) or 55(5) commits an offence.

(2) A person who has committed an offence in terms of this By-law will be, on conviction, liable to a fine not exceeding R50 000.00 (Fifty Thousand Rand) or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six (6) months, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment.

Limitation of liability

- 64.** The City is not liable for any damage or loss caused by –
- (a) its authorised officials in exercising any power or performing any function or duty in good faith under this By-law;
 - (b) its authorised officials in failing to, exercise any power, or perform any function or duty in good faith under this By-law; or
 - (c) the exercise by a person of a right which he or she has obtained from the City.

Exemptions

65. (1) Any person may by means of a written application, in which the reasons are given in full, apply to the City for exemption from any provision of this By-law.

- (2) The City may –
- (a) grant an exemption in writing and the conditions in terms of which, if any, and the period for which such exemption is granted must be stipulated therein;
 - (b) alter or cancel any exemption or condition in an exemption; or
 - (c) refuse to grant an exemption.

(3) An exemption does not take effect before the applicant has undertaken in writing to comply with all conditions imposed by the City under subsection (2). If an activity is commenced with before such undertaking has been submitted to the City, the exemption granted shall be of no force and effect.

(4) If any condition of an exemption is not complied with, the exemption lapses immediately.

(5) The failure to comply with a condition of an exemption in terms of subsection (2) constitutes an offence.

Powers and Functions

66. (1) Unless otherwise stated in this By-law, the City Manager shall be responsible for –

- (a) All functions and decisions contemplated in this By-law;
- (b) The administration of this By-law.

(2) The City Manager may delegate any of his powers or functions to an appropriate authorised official with the power to sub-delegate in order to maximise administrative and operational efficiency.

Liaison forums in community

67. (1) The City may establish one or more liaison forums in a community for the purposes of –

- (a) creating conditions for and encouraging, a local community to participate in the affairs of the City relating to the matters regulated in this By-law; and
- (b) promoting the achievement of a healthy environment, insofar as they may relate to matters regulated in this By-law.

(2) A liaison forum may consist of –

- (a) a member or members of an interest group, or affected persons;
- (b) a member or members of a community in whose immediate area a cemetery exists;
- (c) a designated authorised official or authorised officials of the City; and
- (d) the responsible councillor in such community .

(3) The City may, when considering an application for consent, or exemption in terms of this By-law request the input of a liaison forum.

(4) A liaison forum or any person or persons contemplated in subsection (2) may, on their own initiative, submit an input to the City for consideration.

Guidelines and Policies

68. The City may at any time develop guidelines and policies in respect of cemeteries, crematoria, funeral undertakers, any matter connected therewith, and any other matter regulated in terms of this By-law.

Repeal of By-laws

69. (1) The Cape Metropolitan Council: By-law for Cemeteries and Crematoria, 10 November 2000, 621/2000, is hereby repealed.

(2) In the event of any other By-law of the City being inconsistent with this By-law, the provisions of this By-law shall prevail, to the extent of the inconsistency.

Short title and commencement

70. This By-law is called the City of Cape Town: Cemeteries, Crematoria and Funeral Undertakers By-law, 2011.

STAD KAAPSTAD

VERORDENING OP BEGRAAFPLASE, KREMATORIUMS EN BEGRAFNISONDERNEMERS, 2011

Om die Kaapse Metropolitaanse Raad: Verordening op Begraafplase en Krematoriums, 2000, te herroep; om voorsiening te maak vir die beheer, regulering en ontwikkeling van begraafplase; en om vir die beskikking oor lyke en die begrawe van menslike reste op 'n waardige wyse voorsiening te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan, voorsiening te maak.

AANHEF

AANGESIEN begraafplase, krematoriums en lykdienslokale ingevolge Deel B van bylae 5 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, plaaslike regeringsaangeleenthede is;

EN AANGESIEN artikel 73 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet nr. 32 van 2000) 'n algemene plig op munisipaliteite plaas om gevolg aan die bepalings van die Grondwet te gee;

EN AANGESIEN die Stad Kaapstad die behoorlike bestuur van begraafplase, krematoriums en begrafnisondernemings binne die Stad se regsgebied wil verseker;

EN NOU DAAROM VERORDEN die Raad van die Stad Kaapstad soos volg:—

HOOFSTUK 1

Artikel

1. Woordomskrywing

HOOFSTUK 2

BESKIKKING OOR EN BEGRAWE VAN 'N LIGGAAM

2. Metodes van beskikking oor 'n liggaam
3. Toestemming vereis vir begrawing
4. Begrawingstye
5. Kis
6. Konstruksiemateriaal van kis
7. Kis moet bedek wees
8. Afmetings van grafopeninge
9. Hulpbehoewende persone
10. Register
11. Begrawingsreg

HOOFSTUK 3

BEGRAFNISSE

12. Godsdienstige en ander seremonies
13. Musiek binne begraafplaas
14. Lykswa en ander voertuie by begraafplaas
15. Opdrag van beampte in beheer

HOOFSTUK 4

BEGRAFNISONDERNEMERS

16. Begrafnisondernemers

HOOFSTUK 5

DIE ADMINISTRASIE EN BEHEER VAN BEGRAAFPLASE

17. Aanstelling van beampte in beheer
18. Ure wat publiek toegang het
19. Kinders
20. In paadjies bly
21. Verbode gedrag binne 'n begraafplaas

HOOFSTUK 6

PRIVATE BEGRAAFPLASE EN KREMATORIUMS

22. Dele van Verordening van toepassing
23. Pligte van eienaars

HOOFSTUK 7

AFDELINGS IN 'N BEGRAAFPLAAS

24. Stad kan afdelings vestig
25. Monumentafdeling
26. Bermafdeling
27. Landskapafdeling
28. Gedenktuin
29. Krematorium en lykreduksiefasiliteit
30. Gedenkplein
31. Mausoleums
32. Oppervlakgrafeenhede
33. Denominasie-afdeling

HOOFSTUK 8
OPRIGTING EN INSTANDHOUDING VAN GRAFSTEENWERK
EN VERSORGING VAN GRAFTE

34. Toestemming van Stad
35. Vereistes vir oprigting van grafsteenwerk
36. Posisie, verskuiwing en verwydering van grafsteenwerk
37. Werk aan en instandhouding van grafsteenwerk
38. Beskadiging van grafsteenwerk
39. Voertuig en gereedskap
40. Nakoming van Stad se voorskrifte
41. Tye vir die inbring van materiaal en verrigting van werk
42. Wegsakkende grond
43. Toon van skriftelike toestemming
44. Versorging van graf

HOOFSTUK 9
OPGRAWING, HERBEGRAWING EN OSSUARIUMS

45. Aansoek om opgrawing
46. Voorwaardes vir opgrawing
47. Noodopgrawings
48. Verkeerde begrawing
49. Reduksiebegrawing
50. Vestiging van 'n ossuarium

HOOFSTUK 10
GEBRUIK EN SLUIT VAN BEGRAAFPLASE IN ONBRUIK

51. Gebruik en sluit van begraafplase in onbruik

HOOFSTUK 11

VERASSINGS

52. Aansoeke om verassing
53. Verassings
54. Kiste vir verassing
55. Algemene vereistes vir gedenkstone en grafsteenwerk
56. Beskikking oor as

HOOFSTUK 12

ALLERLEI

57. Verifikasie en betekening van lasgewing, kennisgewing of ander dokument
58. Klagte
59. Nakomingskennisgewing en vertoë
60. Koste
61. Appèl
62. Gelde
63. Misdrywe en strawwe
64. Beperking van aanspreeklikheid
65. Vrystellings
66. Bevoegdhede en funksies
67. Skakelforums in gemeenskap
68. Riglyne en beleid
69. Herroeping van verordeninge
70. Kort titel en inwerkingtreding

HOOFSTUK 1

1. Woordomskrywing

In hierdie Verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

"aanmeldbare siekte" 'n siekte wat volgens wet by regeringsowerhede aangemeld moet word wanneer dit gediagnoseer word, selfs by dood;

"as" die veraste reste van 'n lyk;

"asgraf" 'n graf vir die begrawe van veraste reste, en so 'n graf word deur 'n gedenkplaat of -blad bedek;

"beampte in beheer" die gemagtigde beampte wat die Stad van tyd tot tyd in 'n toesighoudende hoedanigheid met betrekking tot 'n begraafplaas of krematorium aanstel;

"begraafplaas" enige grond wat een of meer grafte bevat;

"begravnisondernemer" enige persoon, organisasie of regspersoon wat die besigheid van die begrawe of reduksie van lyke vir wins bedryf of onderneem of organiseer;

"begravnisondernemersperseel" die betekenis wat in regulasie 1 van die regulasies daaraan toegeken word;

"begravnisorder" 'n begravnisorder uitgereik ingevolge artikel 20 van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet nr. 51 van 1992);

"begrawe" om 'n lyk of as in die finale rusplek daarvan neer te lê;

"begraving" wanneer grond vir die begrawe van 'n liggaam of as uitgegrawe word of wanneer 'n struktuur vir die begrawe van 'n liggaam of as gebruik word;

"begraving bo die grond" wanneer 'n struktuur gebruik word vir die begrawe van 'n liggaam, en so 'n struktuur bokant die normale grondvlak geleë is;

"begraving in die grond" wanneer grond vir die begrawe van 'n liggaam uitgegrawe word;

"bermafdeling" 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat deur die Stad opsy gesit word waar grafsteenwerk tot net 'n kopsteen beperk word, met grondbedekking wat oor die hele graf geplant word;

"biodegradering" 'n proses waarvolgens daar deur biovriendelike chemiese afbreking oor die lyk beskik word;

"gedenkmuur (senotaaf)" 'n muur of struktuur waarop die name van helde en beroemde persone aangebring word, en ook die grafiese beskrywing van geskiedkundige gebeurtenisse;

"gedenkplein" 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat opsy gesit word vir die begrawe of ter herdenking van helde en beroemde persone;

"gedenktuin" 'n afdeling van 'n begraafplaas wat vir die oprigting van gedenkstone vir 'n individu, 'n groep mense of 'n gebeurtenis, gedenkmure, nismure, die vestiging van asgrafte en die strooi van as opsy gesit word;

"gemagtigde beampte" 'n beampte van die Stad wat gemagtig is om die bepalings van enige wet toe te pas of af te dwing;

"goedgekeur" goedgekeur deur die Stad;

"graf" ook 'n plek, hetsy in geheel of gedeeltelik bo of onder grondvlak, waarin 'n lyk permanent begrawe word of die voorneme is om dit permanent te begrawe, hetsy in 'n kis of ander houer of nie, en sluit ook enige monument, grafsteen, kruis, inskripsie, reling, heining, ketting, konstruksie of ander struktuur van watter aard ook al in wat deel vorm van of bykomend tot so 'n graf is;

"grafsteenwerk" 'n kopsteen, monument, gedenkplaat, ander werk of voorwerp wat in 'n begraafplaas opgerig of die voorneme is om dit op te rig ter herdenking van 'n oorlede persoon, en sluit in 'n randsteen wat 'n graf afbaken; 'n blad wat 'n graf bedek; en hout-, graniet-, marmer- of staalkruise;

"krematorium" 'n gebou waar oorlede persone veras word;

"landskapafdeling" 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat deur die Stad opsy gesit word waar grafsteenwerk beperk word tot 'n gedenkplaat of 'n gedenkblad wat horisontaal geplaas word, met grondbedekking wat oor die hele graf geplant word;

"lyk" die reste van 'n oorlede persoon en sluit 'n doodgebore kind en fetus in;

"lykreduksie" enige proses wat gebruik word om lyke te reduseer, insluitende verassing, vriesreduksie en biodegradering;

"mausoleum" 'n bogrondse grafkamer of grafkamers om 'n liggaam en 'n kis te huisves, met sulke kamers wat vertikaal in verskillende vorme en hoogtes gestapel word;

"monumentafdeling" 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat vir die oprigting van grafsteenwerk opsy gesit word;

"naasbestaande" die oorlewende gade, tensy anders deur gebruik bepaal, of as daar geen oorlewende gade is nie, die oorlewende kind of kinders, of as daar geen oorlewende kind of geen oorlewende kinders is nie, die naaste oorlewende afstammeling of afstammeling, of as daar geen oorlewende afstammeling is nie, die oorlewende ouer of ouers, of as daar geen oorlewende ouer of geen oorlewende ouers is nie, die oorlewende broer of suster of broers of susters, of as daar geen oorlewende broer of suster of geen oorlewende broers of susters is nie, die ander bloedverwant of bloedverwante van die oorledene wat die naaste aan hom of haar verwant is, met dien verstande dat waar hierdie Verordening die toestemming van die naasbestaande vereis, en die naasbestaande ingevolge hierdie woordskrywing na meer as een persoon verwys, die toestemming van al hierdie persone vereis word;

"nis" 'n kompartement in 'n struktuur wat vir die plasing van as ontwerp is;

"nismuur" 'n muur of struktuur wat nisse bevat;

"omgewingsgesondheidspraktisyn" 'n persoon wat ingevolge artikel 80 van die Wet op Nasionale Gesondheid 61 van 2003 as sodanig aangestel is;

"openbare graf" 'n graf waarin 'n tweede begrawing van 'n lid van die publiek na 'n tydperk van vyf jaar kan plaasvind en waarop die oprigting van 'n kopsteen nie vir die eerste of die tweede begrawing toegelaat word nie;

"opgrawing" die verwydering van 'n lyk uit sy graf;

"oppervlakgrafeenhede" 'n bogrondse begrawingstelsel wat grafkamers wat op die terrein gebou word of voorafvervaardigde grafkamers gebruik om die liggaam en die kis te huisves, met sulke kamers wat bo die normale grondvlak gestapel word;

"ossuarium" 'n kis, gebou, put of terrein wat gemaak is om as die finale rusplek van menslike skeletoorblyfsels te dien;

"private begraafplaas" grond wat as 'n begraafplaas gebruik word maar nie aan die Stad behoort nie;

"private krematorium" 'n gebou waar oorlede persone veras word maar wat nie aan die Stad behoort en/of deur hom bestuur word nie;

"Raad" die Raad van die Stad of enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid of enige personeellid wat optree uit hoofde van die Raad se gedelegeerde of subgedelegeerde bevoegdheid;

"reduksiebegrawing" die beskikbaarstelling van 'n graf vir 'n daaropvolgende begrawing na 'n gespesifiseerde tydperk;

"regulasies" die regulasies wat begrafnisondernemerspersele beheer wat kragtens artikels 33 en 39 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet nr. 63 van 1977) uitgevaardig is;

"Stad" die Stad Kaapstad ingestel ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet nr. 117 van 1998), by Provinsiale Kennisgewing nr. 479 van 22 September 2000, soos gewysig;

"Stadsparke" die Departement Stadsparke in die Direkoraat: Gemeenskapsdienste van die Stad Kaapstad;

"veelvuldige begrawing" latere begrawings in die oorblywende diepte van 'n graf;

"verassing" die proses waarvolgens 'n lyk deur vuur gereduseer word;

"veraste reste" alle herwinbare as van 'n lyk na die verassing;

"voorgeskrewe geld" 'n geld soos deur die Stad vasgestel; en

"vriesreduksie" die proses waardeur daar deur middel van vriesdroging oor die lyk beskik word.

HOOFSTUK 2

BESKIKKING OOR EN BEGRAWE VAN 'N LIGGAAM

Metodes van beskikking oor 'n liggaam

2. Behoudens die toepaslike bepalings van hierdie Verordening en enige ander toepaslike wet, kan daar oor 'n liggaam beskik word deur –
 - (a) begrawing in die grond;
 - (b) begrawing bo die grond;
 - (c) verassing; of
 - (d) vriesreduksie en biodegradering.

Toestemming vereis vir begrawing

3. (1) Geen persoon mag op enige ander manier as die manier wat deur die Stad in hierdie Verordening voorgeskryf word, oor 'n lyk beskik nie, en iemand wat oor 'n lyk wil beskik, moet die skriftelike toestemming van die Stad verkry voordat hy of sy oor die lyk beskik en moet die Stad se vereistes nakom.
- (2) 'n Persoon wat die toestemming in subartikel (1) bedoel wil verkry, moet 'n skriftelike aansoek by die Stad indien saam met –
 - (a) bewys van betaling van die voorgeskrewe geld;
 - (b) die doodsertifikaat van die lyk;

- (c) 'n begrafnisorder uitgereik ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet nr. 51 van 1992);
 - (d) in die geval van 'n begrafnisondermemer, op 'n jaarlikse grondslag, die bevoegdheidsertifikaat uitgereik ingevolge die regulasies, bewys van registrasie op die databasis van Stadsparke waarna in artikel 17(1) verwys word, en in die geval waar die begrafnisorder deur 'n begrafnisondermemer uitgereik is, bewys van magtiging ingevolge artikel 4 van die Wet op Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet nr. 51 van 1992);
 - (e) 'n beëdigde verklaring deur die naasbestaande van die oorledene of, waar dit nie prakties is nie, ander nabye familielid, wat toestem tot die beskikking oor die lyk wanneer so lyk begrawe moet word op die wyse wat versoek word;
 - (f) in geval 'n persoon ten tye van sy of haar dood aan 'n aanmeldbare siekte gely het, moet dit in die aansoek gemeld word;
 - (g) besonderhede van kulturele of godsdienstige gebruike wat nagekom moet word.
- (3) Die Stad kan die aansoek goedkeur onderworpe aan die voorwaardes wat in die goedkeuring uiteengesit word, of die aansoek weier.
- (4) 'n Aansoek om begrawing moet nie later nie as die tye wat van tyd tot tyd deur die Stad voorgeskryf word, by die Stad ingedien word
- (5) Die tye wat aldus gestipuleer word, moet enige godsdienstige gebruik in hierdie verband wat op 'n bepaalde godsdienstige groep van toepassing is en deur hom eerbiedig word, in ag neem.
- (6) Indien die dag of uur wat voorheen vir 'n begrawing vasgestel is, verander word of 'n begrawing gekanselleer word, moet, in die geval waar die Stad vir die grawe van 'n graf verantwoordelik is, kennis van die verandering aan die Stad gegee word ten minste agt ure voor die tyd wat vir die begrawing vasgestel is.

- (7) Die Stad behou hom die reg voor om die inhoud van 'n kis voor begraving te inspekteer in geval van enige onreëlmatighede met die papierwerk.
- (8) Die Stad kan 'n persoon, insluitende 'n begrafnisondernemer, toestemming weier om 'n lyk te begrawe indien toepaslike dokumentasie wat deur die Stad vereis word, nie voor die begraving by die Stad ingedien is nie.

Begrawingstye

4. (1) Begrawings moet plaasvind op tye wat van tyd tot tyd deur die Stad vasgestel word.
- (2) Die Stad sal 'n begravingstyd aan die persoon in artikel 3(2) bedoel toewys en indien begrawings nie binne die toegewese tyd plaasvind nie, sal so 'n begraving uitgestel word totdat 'n alternatiewe begravingstyd beskikbaar is sonder dat ander begrawings wat binne die toegewese tyd plaasvind, verontrief word.
- (3) Ondanks die bepalings van subartikel (1), kan die Stad, as dit 'n saak van dringendheid of die gebruike of gewoontes van 'n godsdienstige of kulturele groep is, begrafnisse buite die tye wat in subartikel (1) bedoel word, toelaat.
- (4) Die begravingstye wat in subartikels (1), (2) en (3) deur die Stad vasgestel word, moet die gebruike en oortuigings van spesifieke godsdienstige groepe in ag neem.

Kis

5. (1) 'n Kis moet vir die begrawe van 'n lyk gebruik word, buiten waar godsdienstige oortuigings die gebruik daarvan verbied of spesiale toestemming verleen is.
- (2) Behoudens die bepalings van subartikel (3), mag 'n kis net een lyk bevat, tensy dit in stryd is met die tradisie, gebruike of godsdienstige oortuigings van die oorlede persoon of die persoon wat in artikel 3 genoem word.

- (3) 'n Moeder en kind wat gedurende kindergeboorte gesterf het, kan in een kis geplaas word indien die toestemming van die Stad verkry is en die voorgeskrewe gelde betaal is.
- (4) As daar meer as een liggaam in 'n kis is, moet elke liggaam in 'n afsonderlike lyksak geplaas word.

Konstruksiemateriaal van kis

6. 'n Kis wat in 'n graf begrawe word moet, sover moontlik, van natuurlike hout of ander nietoksiese, bederfbare materiaal gemaak word.

Kis moet bedek wees

7. Die persoon in artikel 3(2) genoem moet toesien dat 'n kis, wanneer dit in 'n graf geplaas word, voor afloop van die seremonie met ten minste 300mm grond bedek word.

Afmetings van grafopeninge

8. (1) Alle grafte binne die Stad se begraafplase moet voldoen aan die afmetings wat hieronder uiteengesit word en daar is twee grafopeninggroottes met die volgende afmetings:

(a) Groot graf:

Lengte: 2 250mm

Breedte: 750mm

(b) Klein graf:

Lengte: 1 350mm

Breedte: 535mm

- (2) Alle grafte moet 'n minimum diepte van 1 400mm wees.
- (3) Enige persoon wat 'n opening groter as die standaard afmetings en diepte in subartikel (1) gespesifiseer vir 'n begrawing in 'n graf wil hê, moet, wanneer 'n aansoek ingevolge artikel 3 ingedien word, die afmetings van die kis en die diepte spesifiseer en sodanige heffings of gelde betaal wat van tyd tot tyd deur die Stad voorgeskryf word.
- (4) Waar een kis bo-op 'n ander kis begrawe is, moet daar ten minste 300mm grond tussen die kiste wees.
- (5) Na afloop van 'n begrafnis is dit die plig van die persoon in artikel 3(2) genoem of die persone wat die graf gegrawe het om alle grond, puin en ander stof of materiaal wat deur die grawe van die graf blootgelê is van die omliggende gebiede, insluitende paadjies en grafte, te verwyder.
- (6) Die persoon wat die begrafnis gereël het, moet alle redelike stappe doen om te verseker dat daar tydens die begrafnis of seremonie geen skade aan omliggende eiendom aangerig word nie, met inbegrip van enige ineenstorting van grafmure, en moet stappe doen om sodanige ineenstorting te voorkom.
- (7) Die Stad het die reg om binne drie maande nadat die begrawing plaasgevind het, enige gebied in of om 'n graf, insluitende die grafhoop, gelyk te maak.

Hulpbehoewende persone

9. 'n Persoon wat aansoek om die begrawing van 'n hulpbehoewende persoon doen, moet 'n verklaring te dien effekte aflê.

Register

10. Die Stad moet rekord hou van alle begrawings, en sodanige rekord moet die volgende bevat:
 - (a) Die besonderhede van die persoon wat die begrawing aangevra het;

- (b) die besonderhede van die oorlede persoon wie se lyk begrawe gaan word of begrawe is, soos die naam, adres en identiteitsnommer;
- (c) die datum van die begrawing en die nommer van die graf waarin die lyk of as begrawe word of die ligging van die houer waarin die as geplaas is.

Begrawingsreg

11. (1) Geen persoon verkry enige reg insluitende 'n begrawingsreg in enige grond of graf in 'n begraafplaas wat aan die Stad behoort nie, buiten sodanige regte of belange wat kragtens hierdie Verordening verkry kan word.
- (2) Die vasstelling van die identiteit van die houer van bestaande regte op verdere begrawings in bestaande grafte moet vasgestel word deur na die Stad se register te verwys.
- (3) 'n Persoon kan, by aansoek ingevolge artikel 3 en by betaling van die voorgeskrewe geld, die begrawingsreg in 'n openbare graf verkry.
- (4) By aansoek ingevolge artikel 3 en by betaling van die voorgeskrewe geld, kan 'n persoon die uitsluitlike reg op daaropvolgende begrawings in dieselfde graf verkry, met dien verstande dat hierdie reg verval wanneer die lyk wat in so 'n graf begrawe is, opgegrawe word.
- (5) Die reg op daaropvolgende begrawings is nie aan 'n derde party oordraagbaar nie buiten by die dood van die houer van die reg, in welke geval die reg aan sy of haar naasbestaande oorgedra word.
- (6) Waar die naasbestaande van die oorlede persoon wat begrawe is in die graf waarop die reg op daaropvolgende begrawing betrekking het nie die houer van die reg is nie en die naasbestaande beswaar opper teen 'n daaropvolgende begrawing in daardie graf, word die toestemming van die naasbestaande vereis voordat 'n daaropvolgende begrawing toegelaat word.

- (7) Die reg op veelvuldige begrawings waarna in subartikel 4 verwys word, hang af van die geskiktheid van die graf vir bykomende begrawings soos deur die Stad bepaal.
- (8) Die naasbestaande of ander naaste oorlewende familielid van 'n oorlede persoon wat in 'n openbare of private graf begrawe is, kan sodanige openbare of private graf skriftelik aan die Stad verbeur, en gee hiermee toestemming vir die opgraving van die reste van die oorlede persoon wat in daardie graf begrawe is, en die begraving daarin van 'n nieverwante persoon of persone.
- (9) In die geval van 'n private graf, waar die houer van die reg wat ingevolge subartikel (11)(4) verkry is nie die naasbestaande of ander naaste oorlewende familielid van die oorledene is nie, moet die gesamentlike toestemming van beide die houer van die reg en die naasbestaande of ander naaste oorlewende familielid van die oorledene verkry word voordat 'n graf in ooreenstemming met subartikel 8 verbeur word.

HOOFSTUK 3

BEGRAFNISSE

Godsdienstige en ander seremonies

12. Die lede van 'n godsdienstige denominasie kan, sonder voorafverkreë toestemming en gedurende die begraving en by die graf, 'n godsdienstige seremonie in verband met 'n begraving of 'n gedenkdiens hou wat nie langer mag duur as die tydperk wat deur die Stad bepaal is nie.

Musiek binne begraafplaas

13. Geen buitengewoon harde of steurende musiek met sang word in 'n begraafplaas toegelaat nie, en instrumentale musiek en klankversterking word net met die toestemming van die Stad toegelaat.

Lykswa en ander voertuie by begraafplaas

14. (1) Geen lykswa of ander voertuig mag 'n begraafplaas sonder die voorafverkreë toestemming van die Stad, wat nie onredelik weerhou mag word nie, binnegaan nie.
- (2) Geen lykswa of ander voertuig mag enige ander roete as die roetes wat vir daardie doel opsy gesit is, gebruik om 'n begraafplaas binne te gaan of daar te ry nie.
- (3) Geen lykswa of ander voertuig mag op enige ander plek in 'n begraafplaas as die afdeling van die begraafplaas wat spesifiek vir parkering toegewys is, parkeer nie.

Opdrag van beampte in beheer

15. 'n Persoon wat aan 'n begrafnisstoet of -seremonie in 'n begraafplaas deelneem, moet die opdragte van die Stad nakom.

HOOFSTUK 4**BEGRAFNISONDERNEMERS****Begrafnisondernemers**

16. (1) Alle begrafnisondernemers wat as sulks binne die regsgebied van die Stad werksaam wil wees, moet op 'n databasis by Stadsparke registreer.
- (2) Alle begrafnisondernemers moet, wanneer hulle registreer op die databasis waarna in subartikel (1) verwys word, 'n memorandum van verstandhouding teken waarin bevestig word dat die begrafnisondernemer vertrouwd is met hierdie Verordening en alle beleide en geldestrukture ingevolge hierdie Verordening en dit sal nakom.

- (3) Alle inligting wat deur 'n geregistreerde begrafnisondernemer verskaf word in 'n aansoek wat ingevolge hierdie Verordening ingedien word, moet waar en juis wees.
- (4) 'n Begrafnisondernemer mag 'n lyk net in 'n voertuig vervoer wat geskik vir sodanige doel is en wat voldoen aan die vereistes wat deur die omgewingsgesondheidsbeampte bepaal word.
- (5) In geval 'n geregistreerde begrafnisondernemer enige bepaling van hierdie Verordening, beleid, riglyn of geldestruktuur ingevolge hierdie Verordening verbreek, kan die Stad, nadat kennis gegee is, die registrasie van die begrafnisondernemer kanselleer en verdere begrawings in begraafplase binne die Stad se regsgebied deur die begrafnisondernemer opskort.

HOOFSTUK 5

DIE ADMINISTRASIE EN BEHEER VAN BEGRAAFPLASE

Aanstelling van beampte in beheer

17. (1) Die Direkteur moet vir elke begraafplaas 'n beampte in beheer aanstel om die begraafplaas te beheer en te administreer.
- (2) Die beampte in beheer moet die gebruike van die oorlede persoon en die persone verantwoordelik vir die begrawing in ag neem en binne die raamwerk van hierdie Verordening daarvoor voorsiening maak.

Ure wat publiek toegang het

18. (1) Die Stad moet die ure waartydens 'n begraafplaas of gedeelte daarvan vir die publiek oop is, vasstel en dit op 'n kennisgewingbord wat by die elke ingang van die begraafplaas geplaas is, laat vertoon.
- (2) Geen persoon, buiten behoorlik gemagtigde werkers of gemagtigde beamptes van die Stad met toestemming, mag in 'n begraafplaas of

gedeelte daarvan wees of aanbly voor of na die ure wat dit vir die publiek gesluit is, soos op 'n kennisgewingbord in subartikel (1) bedoel, vertoon word nie.

Kinders

19. Geen kind onder twaalf (12) jaar mag 'n begraafplaas binnegaan nie tensy hy of sy onder die sorg van 'n verantwoordelike volwasse persoon is.

In paadjies bly

20. Daar word van alle persone verwag om in die paadjies te bly wat in 'n begraafplaas aangedui word, waar sulke paadjies bestaan.

Verbode gedrag binne 'n begraafplaas

21. (1) Geen persoon mag –
- (a) 'n oorlas in 'n begraafplaas veroorsaak of laat veroorsaak nie;
 - (b) op 'n dier, fiets of skaatsplank vir ontspanningsdoeleindes ry of aan enige ander vorm van ontspannings- of sportaktiwiteit in die begraafplaas deelneem nie, met die uitsondering van 'n rystoel, tensy die Stad andersins bepaal;
 - (c) 'n dier in 'n begraafplaas inbring of toelaat om daar rond te dwaal nie, buiten 'n blinde persoon, met dien verstande dat honde aan leibande toegelaat word tensy die Stad andersins bepaal;
 - (d) sonder die toestemming van die Stad 'n boom, plant, struik of blom plant, sny, pluk of verwyder nie;
 - (e) 'n betoging in 'n begraafplaas hou of daaraan deelneem nie;
 - (f)
 - (i) die nakoming van die pligte van 'n gemagtigde beampte of werker in diens van die Stad of

- (ii) 'n begrafnis wat in 'n begraafplaas plaasvind,
onderbreek of ontwrig nie;
- (g) die beampte in beheer in die loop van sy of haar plig dwarsboom, teenstaan of teengaan nie of weier om te voldoen aan enige bevel of versoek wat die beampte in beheer geregtig is om ingevolge hierdie Verordening te gee of te rig;
- (h) 'n muur, gebou, heining, hek, grafsteenwerk of ander konstruksie in 'n begraafplaas merk, daarop teken, skryf of verf of 'n voorwerp daarop plaas nie, buiten vir amptelike doeleindes;
- (i) sonder die toestemming van die Stad water vir enige vorm van tuinmaak gebruik nie;
- (j) enige vuilis, grond, klip, puin, vuilgoed of rommel in 'n begraafplaas laat nie;
- (k) enige gedeelte van 'n begraafplaas of enigiets daarin op enige wyse beskadig, ontsier of ontheilig nie;
- (l) 'n begraafplaas binnegaan of verlaat nie buiten deur 'n ingang of uitgang wat vir hierdie doeleindes voorsien word;
- (m) enige besigheid, bestelling of uitstalling doen of werf of 'n traktaatjie, besigheidskaart of advertensie in 'n begraafplaas versprei of laat nie, buiten in 'n gebied wat vir sodanige doeleindes deur die Stad aangewys is en met die voorafverkreë toestemming van die Stad;
- (n) 'n graf of grafsteenwerk oneerbiedig behandel, soos om op 'n graf of grafsteenwerk te klim of te sit nie;
- (o) 'n kantoor, gebou of omheinde plek in 'n begraafplaas binnegaan nie, buiten in verband met wettige besigheid;
- (p) 'n lyk of 'n deel daarvan in 'n begraafplaas ontbloot nie;

- (q) die voorgeskrewe spoedbeperking van 20 km per uur in 'n begraafplaas oorskry nie;
 - (r) 'n begraafplaas as 'n deurgang gebruik nie;
 - (s) toelaat of veroorsaak dat 'n dier 'n begraafplaas binnegaan nie, met die uitsondering van 'n beampte in beheer wat op die terrein woon en met die voorafverkreë goedkeuring van die Stad troeteldiere aanhou;
 - (t) alkohol in 'n begraafplaas inbring of verbruik nie of vuurwapens in 'n begraafplaas afvuur nie, buiten in die geval van 'n polisie-, staats- of militêre begrafnis;
 - (u) 'n vuur in 'n begraafplaas maak of aansteek nie buiten met die voorafverkreë toestemming van die Stad;
 - (v) uitgrawingstoerusting, sae of metaalopspoortoerusting in 'n begraafplaas inbring nie, behalwe met die toestemming van die Stad;
 - (w) diere of voëls jag of leed aandoen nie;
 - (x) huishoudelike diere in ongebruikte gebiede of tussen die grafte laat wei nie; of
 - (y) bestuurslesse in 'n begraafplaas gee nie.
- (2) 'n Werknemer van die Stad wat in 'n begraafplaas werk, mag nie met 'n lid van die publiek ooreenkom om werk in die begraafplaas, soos die instandhouding of grawe van 'n graf of enige ander verwante werk, namens so 'n persoon te verrig nie.
- (3) Die Stad kan 'n dier wat strydig met die bepalings van die Verordening in 'n begraafplaas aangetref word, skut.
- (4) Somerhuisies groter as twee meter by drie meter mag nie sonder die voorafverkreë toestemming van die Stad in 'n begraafplaas opgerig word nie.

HOOFSTUK 6

PRIVATE BEGRAAFPLASE EN KREMATORIUMS

Dele van Verordening van toepassing

22. Die bepalings van artikels 5, 6, 10 en hoofstuk 9 van hierdie Verordening is *mutatis mutandis* van toepassing op private begraafplase, en die bepalings van artikels 52, 53 en 55(2) is *mutatis mutandis* van toepassing op private krematoriums.

Pligte van eienaars

23. (1) Die eienaar van 'n private begraafplaas waarvoor die toestemming van die Stad verkry is, moet –
- (a) voldoen aan –
 - (i) enige spesiale voorwaardes wat die Stad van tyd tot tyd ten opsigte van private begraafplase en krematoriums bepaal; en
 - (ii) die toepaslike bepalings van hierdie Verordening en enige ander toepaslike wet;
 - (b) die terrein, heinings, hekke, paaie, paadjies en dreineervore in 'n goeie toestand en vry van onkruid en weelderige groei in stand hou;
 - (c) 'n gemagtigde beampte van die Stad toelaat om die begraafplaas of krematorium binne te gaan en alle rekords wat in verband daarmee gehou word, te inspekteer;
 - (d) 'n persoon met geskikte kwalifikasies aanstel om die begraafplaas te bestuur en die rekords te hou.
- (2) Die eienaar van 'n private begraafplaas, 'n private krematorium of private eiendom kan op redelike gronde toestemming weier dat 'n lyk in die begraafplaas of krematorium begrawe of veras word.

HOOFSTUK 7

AFDELINGS IN 'N BEGRAAFPLAAS

Stad kan afdelings vestig

- 24.** (1) Die Stad kan een of meer van die volgende afdelings in sy begraafplase vestig:
- (a) Monumentafdeling;
 - (b) Bermafdeling;
 - (c) Landskapafdeling;
 - (d) Gedenkplein;
 - (e) Gedenktuin;
 - (f) Krematorium en lykreduksiefasiliteit;
 - (g) Mausoleums;
 - (h) Oppervlakgrafeenhede;
 - (i) Denominasie-afdeling.

Monumentafdeling

- 25.** (1) 'n Monumentafdeling is 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat vir die oprigting van grafsteenwerk by grafte opsy gesit is.
- (2) Die Stad kan met verloop van tyd alle grafte gelykmaak en gras daarop plant.
- (3) Blomme, loof, kranse of enige versiering mag slegs op die berm van grafte geplaas word, buiten in die geval van grafte wat nog nie gelykgemaak is nie.

Bermafdeling

26. (1) 'n Bernafdeling is 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat deur die Stad opsy gesit is waar grafsteenwerk tot net 'n kopsteen beperk word, met grondbedekking wat oor die hele graf geplant word.
- (2) Kopstene mag twee houers vir blomme bevat.
- (3) Kopstene moet opgerig word op die betonplint wat deur die Stad voorsien word of op 'n geskikte fondament om die kopsteen te stut, wat horisontaal op grondvlak ingebed moet word in die posisie wat deur die Stad aangedui word.
- (4) Geen randsteen of raam wat die graf afbaken of 'n dekblad word toegelaat nie.
- (5) Die Stad kan met verloop van tyd alle grafte gelykmaak en gras daarop plant.
- (6) Blomme, loof, kranse of enige versiering mag slegs op die berm van grafte geplaas word, buiten in die geval van grafte wat nog nie gelykgemaak is nie.

Landskapafdeling

27. (1) 'n Landskapafdeling is 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat deur die Stad opsy gesit is waar grafsteenwerk beperk word tot net 'n gedenkplaat of gedenkblad wat horisontaal geplaas word, met grondbedekking wat oor die hele graf geplant word.
- (2) Geen ander voorwerp as 'n gedenkplaat of gedenkblad mag op die graf geplaas word nie.
- (3) Geen randsteen of raam wat die graf afbaken of 'n bladbedekking word toegelaat nie.
- (4) Die Stad kan met verloop van tyd alle grafte gelykmaak en gras daarop plant.
- (5) Blomme, loof, kranse of enige versiering mag slegs op of langs die gedenkplaat of gedenkblad geplaas word, buiten in die geval van grafte

wat nog nie gelykgemaak is nie.

Gedenktuin

28. (1) 'n Gedenktuin is 'n afdeling van 'n begraafplaas wat vir die oprigting van gedenkstene vir 'n individu, 'n groep mense of 'n gebeurtenis, gedenkmure (senotaaf), nismure, die vestiging van asgrafte en die strooi van as opsy gesit is;
- (2) Blomme en kranse mag net geplaas word op die plekke wat daarvoor voorsien word.

Krematorium en lykreduksiefasiliteit

29. Die Stad kan afdelings in 'n begraafplaas opsy sit vir vestiging van 'n krematorium en 'n lykreduksiefasiliteit.

Gedenkplein

30. (1) 'n Gedenkplein is 'n grafafdeling in 'n begraafplaas wat vir die begrawe en herdenking van helde en beroemde persone opsy gesit word.
- (2) Geen persoon mag in hierdie afdeling begrawe of herdenk word nie, tensy die status van held of beroemde persoon skriftelik deur die Stad bevestig is.

Mausoleums

31. 'n Mausoleumafdeling waarin lyke in mausoleums begrawe word, kan in 'n begraafplaas gevestig word.

Oppervlakgrafeenhede

32. 'n Oppervlakgrafeenhede-afdeling waarin lyke in oppervlakgrafeenhede begrawe word, kan in 'n begraafplaas gevestig word.

Denominasie-afdeling

33. (1) Die Stad kan denominasie-afdelings in sy begraafplase opsy sit vir die uitsluitlike gebruik van 'n bepaalde geloof, godsdienstige of kulturele

groep waar die begrawingsvereistes van so 'n groep 'n ander fisiese rangskikking van grafte (met verwysing na oriëntasie, digtheid en diepte) as die norm voorskryf.

- (2) Die toewysing van sodanige afdelings mag nie tot nadeel van die begrawingsvereistes van die algemene inwoners van die Stad wees nie.

HOOFSTUK 8

OPRIGTING EN INSTANDHOUDING VAN GRAFSTEENWERK EN VERSORGING VAN GRAFTE

Toestemming van Stad

- 34.** (1) Geen persoon mag sonder die skriftelike toestemming van die Stad en betaling van die vereiste geld enige gedenksteen in 'n begraafplaas inbring of enige grafsteenwerk oprig, verander, verf, opknap, versier, verwyder of andersins daarmee peuter of 'n inskripsie daarop uitkap nie.
- (2) Voordat grafsteenwerk opgerig word, moet 'n aansoek ten minste vyf werkdade voor die voorgestelde oprigting daarvan vir goedkeuring by die Stad ingedien word, en die volgende bevat:
- (a) 'n plan wat die afmetings en posisie daarvan aandui;
 - (b) spesifikasies van die materiaal waarvan die grafsteenwerk gemaak gaan word; en
 - (c) die bewoording van die grafskrif.
- (3) Die Stad kan die aansoek waarna in subartikel (2) verwys word, goedkeur met of sonder voorwaardes wat hy nodig ag, en kan die aansoek weier as dit nie voldoen aan die vereistes ten opsigte van grafsteenwerk soos deur die Stad bepaal nie.
- (4) Geen persoon mag enige materiaal in die begraafplaas inbring met die doel om grafsteenwerk op 'n graf te bou nie, tensy –

- (a) daar aan die bepalings van subartikels (1) tot (3) voldoen is; en
 - (b) bewys van betaling ten opsigte van werk wat verrig gaan word, voorgelê is.
- (5) Die toestemming vir die voorgestelde werk is slegs geldig vir 'n tydperk van twaalf (12) maande vanaf die datum waarop dit gegee is, en in geval die grafsteenwerk nie binne die voorgeskrewe tyd opgerig word nie, moet 'n nuwe aansoek ingedien word.

Vereistes vir oprigting van grafsteenwerk

35. 'n Persoon wat 'n grafsteenwerk oprig, moet aan die volgende voldoen:

- (a) Hy of sy moet in besit wees van 'n plan wat ingevolge artikel 34(2) goedgekeur is;
- (b) alle werk moet in ooreenstemming met die voorwaardes in artikel 34(3) bedoel, verrig word;
- (c) die werk moet so verrig word dat geen skade aan 'n struktuur aangerig of aanstoot gegee word nie;
- (d) met die aansoeker se toestemming kan die naam van die maker of vervaardiger op 'n grafsteenwerk vertoon word, maar geen adres of enige ander besonderhede mag daarby gevoeg word nie, en die ruimte wat daarvoor benut word, mag nie groter as 40 x 100 mm wees nie; en
- (e) alle ongebruikte materiaal na voltooiing van die werk moet verwyder word en aangrensende gebiede moet netjies en skoon gelaat word; en
- (f) enige skade wat aangerig is, moet herstel word op die koste van die persoon wat vir sodanige skade verantwoordelik is, en indien die verantwoordelike persoon versuim om sodanige herstelwerk na behoorlike kennisgewing te verrig, kan die Stad die regstellende werk onderneem op die koste van die persoon wat die grafsteenwerk opgerig het.

Posisie, verskuiwing en verwydering van grafsteenwerk

36. (1) Geen persoon mag 'n grafsteenwerk op 'n graf oprig nie alvorens die posisie waarin sodanige grafsteenwerk geplaas gaan word, aangedui is ingevolge die goedgekeurde plan waarna in artikel 34(2) verwys word.
- (2) Indien daar nie aan die voorwaarde waarna daar in subartikel (1) verwys word, voldoen word nie, kan die Stad met skriftelike kennisgewing aan so 'n persoon die posisie van die grafsteenwerk verander en die koste van die verandering verhaal op die persoon wat die grafsteenwerk opgerig het.
- (3) In die geval waar 'n grafsteenwerk oorspronklik met die uitdruklike toestemming van die Stad in 'n sekere posisie geplaas is, word enige verandering van die posisie ingevolge die bepalings van hierdie artikel op die Stad se onkoste gedoen.

Werk aan en instandhouding van grafsteenwerk

37. (1) Enige persoon wat werk verrig, moet sodanige werk onder toesig van die Stad doen.
- (2) Indien die persoon wat 'n grafsteenwerk opgerig het, toelaat dat sodanige grafsteenwerk in so 'n toestand verval dat dit gevaar inhou of die begraafplaas ontsier, kan die Stad 'n nakomingskennisgewing, soos in artikel 59 bedoel, aan so 'n persoon beteken.
